# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (16/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick (1 Mei 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The only sure thing about luck is that it is about to change" Bret Harte***

**"MAKING BUTTER"**


Tydens die opening van die Sitrus Summit het die CGA Voorsitter (Pieter Nortje) 'n storie vertel van twee muise wat in die melk emmer geval het. Volgens die een muis was hul bestem om te verdrink, die ander muis het voorgestel dat hul hul bene so vinnig as moontlik moet beweeg en sodoende botter in die proses maak en sodoende dit moontlik maak om te ontsnap. Die Voorsitter het dit met die aktiwiteite van die CGA vergelyk – en beweer dat die CGA nou in die proses van "making butter" is. Om 'n idee aan die CGA lede te gee van hoe ons dit doen, kyk na die aktiwiteite van die CGA in April;

- Deon Joubert (CGA Spesiale Gesant: Marktoegang) het by Roccco Renaldi (CGA verteenwoordiger in Brussels) aangesluit vir besoeke aan lidlande in die EU ter voorbereiding van die komende seisoen. Die besoeke verfris belanghebbendes & owerhede mbt CBS bestuurstelsels in Suid-Afrika asook om meer te wete te kom van aktiwiteite in die lidlande.
- Piet Smit (CGA Vise Voorsitter) en Bruce McEvoy (CGA verteenwoordiger in die VSA) het onvermoeid in Washington voorspraak gedoen om ondersteuning vir die voortsetting van die AGOA te kry; en die insluiting van Suid-Afrika.
- Mikhail Fateev (CGA verteenwoordiger in Rusland) is onderweg na St Petersburg om 'n reëling vir "bonded" pakhuise te finaliseer sodat uitvoerders betaling kan verseker alvorens die vrugte aan invoerders beskikbaar gestel word.
- Paul Hardman (CGA Bestuur Bedryfsaangeleenthede) het 'n week in Kaapstad spandeer om te verseker dat die SIZA program behoorlik toegerus is en voortgaan om ondersteuning van handelaars en invoerders te geniet.
- Lukhanyo Nkombisa het saam met my die NLBR besoek om oor CGA se transformasie aktiwiteite verslag te doen.
- Mitchell Brooke (CGA Logistieke Projekbestuurder) het Dave Watts gekontrakteer en het die "Container Operators Forums" in beide Durban en PE aan die gang gekry. Die "Eastern Cape Reefer Container Operating Forum" het vergader en belangrike voor-seisoen beplanning is gedoen. Die "Durban Reefer Container Operating Forum" het ook dieselfde gedoen.
- Robert Miller (CGA Besigheidsbestuurder) het 'n nuwe Finansiële Administratiewe beampte aangestel sodat hy meer tyd kan hê om op die groep se risiko's en interne beheer te fokus.
- John Edmonds het vergaderings in Kaapstad bygewoon om te verseker dat AgriHub goeie inligting in 2015 sal oplewer.
- Ek het 'n week in Indië gespandeer by die "India Fresh Produce Trade Show and Conference" om met verskeie persone te vergader om uit te vind hoe handel in Indië uitgebrei kan word (tans stuur ons 'n skamele 4 000 ton na hierdie mark). Uitstekende vergaderings is met die "Food Standards and Safety Authority" van Indië, invoerders en ander belanghebbendes gehou. Besoeke is ook aan winkels en markte gebring.
- Op versoek van die Sagte Sitrus Variëteitsfokusgroep, het Graham Barry (CGA konsultant op standaarde) die UNECE standaarde vergadering in Geneva bygewoon om leiding oor die sagte sitrus se merkvereistes te verskaf.

**DIE CGA IS BESIG MET "BOTTER TE MAAK" OM 'n "HASSLE FREE" PAD VIR DIE 2015 UITVOERSEISOEN VOOR TE BEREI.**

**EGIPTE**

Betroubare statistieke vanaf Egipte was in die verlede ongelukkig nie beskikbaar nie. Gegewe die groter rol wat Egipte in die globale sitrus arena speel, is dit bemoedigend om te sien dat CLAM meer opgedateerde syfers oor Egiptiese uitvoere beskikbaar stel. Vir die 2014/15 seisoen is die meeste van die uitvoere na Rusland (25%) en Saoedi-Arabië (22%) gestuur. Vanuit 'n plaaslike perspektief was 55% van die uitvoere na die Midde-Ooste, 30% na Oos-Europa, 14% na Asië en 12% na Wes-Europa.




Uitvoerders vroeg in die seisoen na Rusland, Indië en Midde-Ooste moet kennis neem van die betekenisvolle hoeveelhede van Egiptiese lemoene wat in die mark is en teen baie lae pryse verkoop word. Dit sal sin maak om volumes te beperk totdat die mark "skoon" is.

**GEPAK EN VERSKEEP**

| Tot einde Week 17 Miljoen Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 2.7 m | 2.2 m | 1.9 m | 1.1 m | 0.7 m | 15.3 m | 15.7 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 1.6 m | 1.7 m | 1.8 m | 1.4 m | 1.4 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 2.1 m | 2.2 m | 2.5 m | 1.6 m | 1.7 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 0.3 m | 0.2 m | 0.2 m | - | - | 25.1 m | 25.1 m | 26 m |
| Valencias | 0.1 m | 0.1 m | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 6.8 m | 6.4 m | 6.4 m | 4.1 m | 3.8 m | 113.1 m | 113.5 m | 115.7 m |

**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**